IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(TRANSVAALSE PROVINSIALE AFDELING)

I.1.2 VOL. 12 PG. 590 - 608

SAAKNOMMER: CC 482/85

DELMAS

1986-01-30

DIE STAAT teen: PATRICK MABUYA BALEKA EN 21 ANDER

VOOR: SY EDELE REGTER VAN DIJKHORST EN
ASSESSORE: MNR. W.F. KRUGEL
PROF. W.A. JOUBERT

NAMENS DIE STAAT: ADV. P.B. JACOBS
ADV. P. FICK
ADV. W. HANEKOM

12

NAMENS DIE VERDEDIGING: ADV. A. CHASKALSON
ADV. G. BIZOS
ADV. K. TIP
ADV. Z.M. YACOOB
ADV. G.J. MARCUS

TOLK: MNR. B.S.N. SKOSANA

KLAGTE: (SIEN AKTE VAN BESKULDIGING)

PLEIT: AL DIE BESKULDIGDES: ONSKULDIG

---

KONTRAKTEURS: LUBBE OPNAMES

---

VOLUME 12

(Bladsye 590 - 608 )

LESEBANA JOHN MASENYA, nog onder eed (Deur tolk)

ONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS : Kan jy vir die Hof sê op 26 Augustus 1984 of jy 'n vergadering bygewoon het? — Ja, ek was teenwoordig.

Waar is die vergadering gehou? — In 'n gebou op die Roomse werf van die kerk.

Die Rooms-Katolieke kerk waar? — Small Farms.

In watter distrik? — Evaton.

Vereeniging of Vanderbijlpark? — Vanderbijlpark distrik.

Toe jy by die vergadering opgedaag het, was daar al mense in die saal gewees, besig met die vergadering? — Ek het gelyktydig saam met die mense daar opgedaag en gelyktyd hulle die plek binnegegaan.

Het jy toe plaasgeneem binne-in die saal? — Ja, ek het.

Die sprekers van die vergadering, waar was hulle gewees? — Hulle het daar heel voor gesit.

Is daar 'n tafel of 'n platform waar hulle gesit het, by 'n tafel op 'n platform? — Dit is so.

HOF : By 'n tafel? — Dit is 'n plek hoër as die normale oppervlakte van die vloer.

'n Platform? — Ja.

MNR. JACOBS : Het jy na die mense daar gekyk en hulle onder - soek of beskou? — Ja, ek het.

Het jy van hulle geken of was hulle vreemd vir jou? — Daar is van hulle wat ek geken het.

Sien jy van die mense wat jy geken het hier in die hof? — Ja, daar is van hulle.

Sê vir ons wie is hulle en beskryf waar sit hulle? — Kan ek net die posisies kry?

HOF : Dit loop van links na regs, behalwe nr. 9 is nie op sy plek nie. Sal nr. 9 eers op sy plek gaan sit. Noem

een nommer. Wat is die eerste nommer? -- Nr. 4.

Sal nr. 4 opstaan. Is dit die persoon wat u aanwys? -- Nee, dit is 'n verkeerde persoon, nr. 5.

Sal nr. 5 opstaan. Is dit die persoon? -- Ja.

En wie nog? -- Nr. 8.

Sal nr. 8 opstaan. Is dit die regte persoon? -- Ja.

Nog een? -- Nr. 9.

Sal nr. 9 opstaan. Is dit die regte persoon? -- Ja.

Ja? -- Nr. 16.

Sal nr. 16 opstaan. -- (Getuie dui die persoon aan)

Daardie persoon is nr. 17. -- Ek het verkeerd getel. Dit is al.

So, ons het nr. 5, nr. 8. nr. 9 en nr. 17? -- Ja.

Vier persone? -- Ja.

MNR. JACOBS : Wie het opgetree as voorsitter of die vergadering gelei daarso? -- Nr. 8.

Toe die vergadering begin het, het hy self julle toegespreek daar? -- Ja.

Kan jy onthou wat het hy gesê? -- Hy het gepraat oor die huurgeld wat hoog is.

Wat het hy daaroor te sê gehad? -- Hy het verder uitgebrei oor die raadslede wat nie met die gemeenskap 'n vergadering gehou het om vir die gemeenskap te laat weet oor hierdie huurgeld nie.

Ja en nog? -- Hy het gepraat van die raadslede dat hulle nie goeie persone is nie. Hulle het nie leiding nie. Hulle het nie 'n rigting of hulle is nie openbaar nie.

Wat bedoel jy met hulle is nie openbaar nie? -- Wat ek eintlik daarby bedoel is, hulle is nie betroubare persone nie.

HOF : Moet ek instede van openbaar, betroubaar lees? -- Dit

is korrek.

Met ander woorde, hulle het nie leiding nie, hulle het nie rigting nie en hulle is nie betroubaar nie? — Dit is korrek.

MNR. JACOBS : Gaan aan? — Verder het hy gesê die mense is "sell-outs".

Het hy verduidelik in watter opsig hulle dan sou "sell-outs" wees? — Hy het gesê hulle is "sell-outs" omrede hulle dit nie goed geag het om met die gemeenskap bymekaar te kom en die gemeenskap te laat weet van wat gebeur het nie aangaande die huurgeld wat kort-kort verhoog word.

Het hy nog iets verder gesê omtrent "sell-outs"? — Hy het toe verder gesê hierdie tipe persone sal verwyder moet word.

HOF : Watter soort woord is gebruik vir verwyder? Beteken dit dat hulle uitgestem moet word of beteken dit iets anders? — Laat ek dit so stel, ontslae te raak. "To get rid of".

MNR. JACOBS : Hierdie "to get rid of", het hy enigsins verduidelik hoedat hulle "get rid of" hierdie mense? — Ek kan nie onthou dat hy so 'n verduideliking gegee het nie. Of hy dit miskien breedvoerig gestel het nie.

Het hy aan die gehoor enigiets oorgedra van wat hulle moes doen omtrent hierdie huur self? — Dit is al wat ek gehoor het wat hy gesê het. Daarna was daar nog 'n ander persoon gewees wat daar toe iets te sê gehad het.

Is dit die volgende spreker? — Ja.

Wie het die spreker aan die gehoor voorgestel? — Dit was beskuldigde nr. 8.

Hy het die volgende spreker voorgestel en wie was dit? — Dit was beskuldigde nr. 17.

Toe beskuldigde nr. 8 sy deel van die toesprake daar

... / gelewer

gelewer het, het hy enigiets gedoen? Was daar enige skreeuery gewees of iets van die aard? -- Die mense het hande geklap om te aanvaar wat die persoon sê.

Is daar enige tekens met 'n arm of 'n hand gegee? -- Ja, daar was.

Wat se teken was gegee? -- Amandla Awethu se tekens.

Beskryf vir ons die teken, asseblief? Hoe was dit gegee? -- (Getuie demonstreer)

HOF : Met die regtervuis in die lug opgesteek.

MNR. JACOBS : En saam met die ops van die vuis, is daar iets geskreeu? -- Ja, Amandla Awethu was gesê.

Wie skreeu dan Amandla en wie skreeu Awethu? -- Dit is die mense daar in die vergadering.

Skreeu een persoon uit Amandla of skreeu almal uit Amandla? Hoe word dit gedoen? Ons wil net duidelikheid kry. -- Almal van hulle.

Beskuldigde nr. 17 was toe aan julle voorgestel as die volgende spreker. -- Ja.

Was hy voorgestel as die verteenwoordiger van 'n sekere liggaam? -- Ja, hy was voorgestel as 'n lid van die Vaal Civic Association.

Is dit al organisasie of nog organisasies? -- Dit is die enigste een wat ek gehoor het.

Het hy toe ook 'n toespraak gelewer, beskuldigde nr. 17? -- Ja, hy het.

Kan jy onthou wat hy gesê het? -- Sy woorde, sy toespraak was omtrent dieselfde. Eintlik het hy beskuldigde nr. 8 se toespraak beaam.

Wat het hy nog gesê? -- Hy het toe verder gesê dat hierdie raadslede, dit sal verplig wees dat elkeen van hulle gesien moet word by hulle wonings.

... / Kan

Kan ek net duidelikheid kry. As jy sê gesien moet word by hulle wonings, ek weet nou nie, het dit 'n spesiale betekenis of is dit net dat hulle moet gesoek word of wat bedoel jy nou? -- Ek wou nog iets gesê het.

O, ekskuus? -- Dat hulle vir redes gevra word aangaande die verhoging van die huurgeld, sodat die gemeenskap daarna weer bymekaar moet kom by die Roomse, sodat die gemeenskap daarvandaan sal moet gaan na verskillende wonings van die raadslede op 3 September 1984. Op daardie dag is die mense nie verplig om werk toe te gaan nie.

As jy sê daardie dag, watter dag is dit? -- Dit is 3 September 1984.

Mense nie werk toe gaan nie? -- Hy het verder gesê daardie dag is "stay-away".

Het hy nog iets gesê? -- Nadat hulle nou die wonings gesien het van die verskillende raadslede, op die dag van 3 September 1984 sal die gemeenskap dan gereed moet wees om Houtkop toe te gaan.

Wat is Houtkop? -- Dit is die hoofkwartiere van die beheermense van Sebokeng.

HOF : Is dit die hoofkwartier wat vroeër bekend was as die Administrasieraad? -- Ja.

MNR. JACOBS : Staan dit tans bekend as die Ontwikkelingsraad? -- Ja.

Het hy gesê hoekom die mense na Houtkop, ek gebruik nou jou woord Houtkop, die Ontwikkelingsraadkantore moet gaan? -- Ja, om te gaan vra oor die huurgeld.

Nog iets? Enigiets verder? -- Hy het toe verder gesê dat daardie dag van 3 September 1984 die winkels toe sal wees. Die vervoer sal ook nie in werking wees daardie dag nie, bedoelende die busse en huurmotors.

Sal nie diens lewer nie? — Ja.

Enigiets verder wat jy nog onthou? — Hy het toe gesê dat dit alreeds gereël is met die mense van die busse asook die huurmotors dat hierdie betrokke dag, die 3de, daar geen vervoerdienste gelewer moet word nie.

Het hy gesê wie die reëlings getref het? — Ja, hy het. Hy het gesê die Vaal Civic Association het dit gereël.

Het hy enigiets verder nog gesê? — Dit is al wat hy gesê het.

Hoe het hy sy toespraak afgesluit? Met enige tekens of hoe? — Na elke spreker daar was daar daardie teken gewees. (Getuie demonstreer - dit is dieselfde teken) Die mense het ook hande geklap.

HOF : Is die teken gegee deur die spreker of deur die publiek? — Die publiek.

MNR. JACOBS : En die spreker, het hy enigiets gedoen, elke spreker? — Niks anders nie, behalwe dat die spreker eers die teken gemaak het en dan sal die publiek ook die teken maak. Dan het hulle hande geklap.

Word daar, as die teken gegee word, iets saam daarmee geskreeu? — Ja, Amandla Awethu.

HOF : Het die teken 'n naam? — Ek weet nie wat die naam van die teken is nie.

MNR. JACOBS : Kan jy vir ons sê wat beteken daardie woorde Amandla Awethu? Amandla, het dit 'n betekenis? — Matla.

HOF : Dit is Matla, nie Amandla nie? —(Ek word gevra oor die betekenis, wat verstaan ek van die woorde. Dit is gegee in 'n ander taal. Die getuie antwoord net in 'n ander taal, ook 'n Swarttaal. In 'n ander taal is dit Amandla. In die taal waarin hy geantwoord het, is dit Matla.

MR BIZOS : Could we solve that. Amandla means power and

Awethu means it is ours. I think the one is Xhosa and the other is Sotho. I thought it was so well-known.

COURT : This Court does not know anything.

HOF : Aanvaar u dit so? -- Ja, ek aanvaar dit so.

MNR. JACOBS :

Nadat hierdie beskuldigde gaan sit het of nadat hy sy toespraak gelewer het, wie het toe 'n toespraak gelewer? -- 'n Vroumens het gepraat wat redelik oud is.

Weet jy wie is sy? -- Nee, ek weet nie.

Was sy voorgestel as verteenwoordigend van enige organisasie? -- Ja, dat sy van die Women's Association af gekom het.

Van watter Women's Association? -- Van die Vaal Civic Association.

HOF : Wie het haar voorgestel? -- Sy is nie eintlik voorgestel nie. Sy het haarself voorgestel toe sy daar opgestaan het. en haarself bekendgemaak aan die publiek.

MNR. JACOBS : Wat het sy gesê? -- Sy het gesê dit is nou tyd, die tyd het gekom dat die vroumense bymekaar moet kom en baklei hierdie geveg van die huurgeld wat verhoog is.

Gaan aan? -- Sy het toe verder verduidelik in daardie tyd wat hulle nou net ingetrek het in die gebied, vernaam Gebied 7 Sebokeng, dat toe hulle daar in daardie huise ingetrek het, van Evaton af, was die huurgeld laag. Dit was nie so hoog gewees soos wat dit nou op die oomblik is nie.

Het sy gesê wat moet daaromtrent gedoen word? -- Sy het gesê dit is nou tyd vir die vroumense om op te staan en hierdie geveg baklei. Dit is die huurgeld.

Het sy nog iets gesê? -- Dat die raadslede se bestaan vernietig moet word.

Het sy uitgebrei hoe dat die raadslede se bestaan vernietig moet word?-- Op die manier wat sy dit daar oorgedra

/ het

het aan die publiek, het die publiek dit verstaan en sy het dit net so gestel soos wat ek dit nou vir die Hof vertel.

Hoe het sy dit gestel? -- Ek herhaal dit, dit het beteken dat die mense gedood moet word. Dit is die raadslede.

Wat was die publiek se reaksie daarop, want jy sê die publiek het dit so verstaan. Toe sy nou hierdie dinge sê, hoe reageer die teenwoordiges in die saal? -- Hulle het saam met haar gestem.

Hoe het hulle saamgestem? -- Deur hande te klap en die tekens te gee wat ek alreeds verduidelik het. Sy het toe vir hulle gesê dat hulle meer aandagtig moet luister of aandag gee aan die woorde gebesig deur beskuldigde nr, 17.

Het sy gesê watter woorde van beskuldigde nr. 17? -- Sy het gepraat van die toespraak van beskuldigde nr. 17 wat alreeds deur hom gelewer was dat die mense dit moet aanvaar.

Die vrou, hoe was sy geklee gewees? Het sy enige besondere klere aangehad? -- Dit het ek nie opgelet nie.

Kan jy die kleur van die klere wat sy aangehad het onthou? -- As ek reg onthou (die kleur gebruik deur die getuie is dubbelsinnig - tala kan beteken blou of groen) Groen van kleur en iets gelerig.

Wat was groen? -- Haar romp.

En dan sê jy iets was gelerig. Wat was geel? -- Haar bloese.

Was daar nog ander klere bo gewees? -- Die moue was swart gewees.

Nadat sy klaar gepraat het, het daar ʼn volgende spreker gekom? -- Ja.

Wie was dit? -- Dit was ook ʼn vroumens gewees.

Was sy voorgestel of het sy haarself voorgestel? -- Sy het haarself voorgestel.

As wie en van wat? -- Sy het gesê sy is van die Women's League.

Het sy verduidelik wat is 'n Women's League of het julle geweet wat is Women's League? -- Ek kan nie onthou nie, maar ek het aanvaar dit behoort ook maar aan dieselfde organisasie.

HOF : Dieselfde organisasie as die VCA? -- Ja.

MNR. JACOBS : Wat het sy vir julle vertel? -- Dat hulle, die vroumense vir haar hulle persoonlike besonderhede moet gee, byvoorbeeld die name en adresse. Dit wil sê, dit sou plaasgevind na die vergadering.

Het sy gesê hoekom moet hulle die name en adresse gee? -- Daardie verduideliking het ek nie gehoor nie.

Het sy enigiets verder gesê? -- As ek reg onthou, was dit die einde.

Van haar toespraak? -- Ja.

GETUIE STAAN AF.

HOF VERDAAG. HOF HERVAT.

K43 LESEBANE JOHN MASENYA, nog onder eed

ONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS (vervolg) : Net om jou by te bring waar ons laaste gekom het. Jy het gesê dat die vrou wat die name geneem het en gesê het sy sal die name neem van mense, jy het met haar klaargemaak. Na haar, wie het toe gepraat? -- Beskuldigde nr. 5 was toe die volgende wat gepraat het.

Was hy voorgestel aan julle of het hy homself voorgestel? -- Hy het homself voorgestel.

Het hy hom voorgestel namens wie hy praat? -- Ja, Vaal Civic Association.

Kan jy vir ons sê wat het hy daar aan die gehoor oorgedra? -- Hy het ook by gesê, dit wat alreeds deur die vorige mense gesê was omtrent die huurgeld.

Wat gesê? — Dat die huurgeld hoog is op 'n manier wat eintlik nie deur die gemeenskap verwag was nie.

Het hy iets gesê oor die raadslede daar in die Vaal? — Ja, hy het iets gesê oor die raadslede.

Gaan aan? Sê vir ons wat hy gesê het? — Hy het gesê hulle is "sell-outs".

Nog iets? — En verder gesê hulle is "puppets" van die "government".

Het hy nog verder gepraat oor hulle? — Daarna het hy toe gevra dat die gemeenskap vrae stel. Eintlik het hy die gemeenskap uitgedaag om vrae te stel, indien hulle so voel, diegene wat 'n vraag het.

Watter gemeenskap nou? — Die bywoners van die vergadering.

So, hy het die gehoor gevra om vrae te vra? — Ja.

En vir wie kon hulle die vrae vra? — Dat hulle die vrae moet vra, hy sal antwoord.

Ja en toe? — Daar was 'n persoon daar van die gehoor wat toe gevra het oor die huurgeld. Die persoon se vraag was gemik op die persone wie se huurgelde deur werkgewers afgetrek word van hulle belonings.

Wat was die vraag daaromtrent? — Wat kan gedoen word, hoe sal dit gestop word, dat hulle nie huurgeld betaal nie.

En toe? — Die antwoord daarop was, so 'n geval sal reggestel word.

Deur wie verskaf? — Beskuldigde nr. 5.

Wat het hy presies gesê? — Sy antwoord was die Vaal Civic Association sal daardie punt regstel deur die verskillende werkgewers te nader, dit wil sê die fabrieke in die omgewing.

En wat te doen by die werkgewers? — Dat hulle hulle moet stop om geld af te trek van die werknemers se belonings.

/ Geld

Geld wat bedoel is vir die huurgeld.

Ja en toe? -- Ek was een van die persone wat toe vrae gestel het.

Voor jy vrae gevra het, was daar iemand anders wat gevra omtrent mense wat betaal terwyl hulle weet hulle moenie betaal nie? Self betaal? Was daar so 'n vraag gevra?

MR BIZOS : There is no evidence from the witness. My Learned Friena and the witness are at cross purposes. My Learned Friend has assumed that the witness said something which he has not said. The witness has said that the question related to employers who were making deductions from wages and paying it presumably to the lessor. That is what the witness is talking about. My Learned Friend has assumed something entirely different which is not in evidence.

COURT : He is not assuming something, he is leading the witness. That should be the objection.

MR BIZOS : Thank you. He is leading the witness on an incorrect assumption as to what has been said.

COURT : It is a valid objection. Kan u hom nie vra of daar nog iemand gepraat het nie?

MNR. JACOBS : Ek sal hom vra. Kan jy vir ons sê, voordat jy 'n vraag gevra het, het daar na die vorige persoon ook iemand anders 'n vraag gevra of nie? -- Dit is moontlik, maar ek kan nie onthou nie.

Jy sê jy het toe 'n vraag gevra? -- My vraag was, wat van 'n persoon van 'n gesin, dit wil sê 'n man met vrou en kinders, indien die persoon besluit om nie huurgeld te betaal nie en hy word gearresteer, wat sal word van sy kinders.

Ja en toe? Wat was die antwoord? -- Die antwoord was die Vaal Civic Association sal voorbereidings maak aangaande sulke kinders wat alleen agtergebly het. Verder was dit gesê

in antwoord met betrekking tot die ouers wat gearresteer is, dit wil sê die moeder of die vader van die kinders, die Vaal Civic Association sal voorbereidings maak of reëlings tref vir die verdediging. Dit was toe verder gesê dat diegene wat 'n kans gaan vat om te betaal, sal in die moeilikheid beland van om doodgemaak te word.

Wat wat betaal?-- Huurgeld.

Goed, gaan aan, wat gebeur vervolgens? -- Terwyl ek nog so gestaan het, was daar gesê van 'n sekere vroumens, dat ek moet sit, want ek is een van die raadslede, ek sal doodgemaak word. Ek het toe gesit. Nie lank na ek gesit het nie, het ek gesien dat dieselfde vroumens wat gesê het ek moet sit uitgaan. Sy is onbekend aan my, Ek het die vroumens gevolg na buite, waar ek haar toe 'n vraag gevra het daar buite. Toe ek die vraag van my gestel het aan haar, was sy in die teenwoordigheid van 'n ander manspersoon.

Terwyl jy daar buite met haar gepraat het, het daar iemand daar aangekom? -- Met my aankoms buite het sy alreeds saam met 'n manspersoon gestaan.

Terwyl julle daar buite gestaan het, het daar iemand gekom met iets daar verby julle wat in die saal ingegaan het? -- Ja.

Vertel vir die Hof? -- 'n Klompie mense, 'n groep is daar verby, wat agter 'n vroumens gestap het om in die saal in te gaan. Die persoon het 'n vlag gehad.

HOF : Die vrou of die persone? -- Ja, die vroumens is die persoon wat die vlag gehad het. Die vlag het aan weerskante 'n stok gehad en is hoog gehou.

MNR. JACOBS : Gaan aan? -- Hulle is toe binne-in.

HOF : Wat se vlag was dit? -- Ek het nie opgelet nie.

As gevolg van die geraas binne-in die kerksaal na die persone

die saal binnegekom het, het ek toe by die deur, dit wil sê die ingang van die saal, gaan staan en kyk. Op hierdie stadium het die vroumens, tesame met die klomp mense wat saam met haar gekom het, die groep, op die platform gaan staan. Hierdie dame het 'n pet opgehad wat ek kan beskryf as 'n pet, bedoel vir die son, as die son warm is. Op die voorkant het ek opgelet dat die volgende letters daar gestaan het UDF. Vanwaar ek gestaan het, was ek so geskrik gewees dat ek bang geword het om weer binne-in die saal in te gaan. Daarna is ek toe weg.

Het jy geskrik vir die pet of vir iets anders? -- As gevolg van die gesingery wat daar aangegaan het, die "Freedom songs", het ek bang geword.

MNR. JACOBS : Wat se "Freedom songs" was gesing? -- Ek ken nie die "Freedom songs" nie, maar as 'n mens nie die "song" ken nie, sal jy hier en daar woorde hoor.

Het jy enige woorde gehoor? -- Die een wat ek van praat wat ek daar gehoor het, het ek die woorde gehoor en Mandela, het ek gehoor. Waaroor dit verder gegaan het, kan ek nie sê nie.

Jy het vir die Hof beskryf dat die vrou wat daar ingegaan het, het die vlag gehad. Wat het van die vlag geword? Weet jy? -- Ek weet nie. Die rede is omdat ek teruggedraai het by die deur en toe weg is.

Het jy ooit gesien of daar iets op die vlag geskryf was of nie? -- Ek het nie opgelet nie.

Het jy opgelet na die kleredrag van die mense daar? -- Ja, die uniform op die platform het ek opgelet.

Watter uniform was dit?-- Dit is die een wat ek alreeds beskryf het, die groen romp , geel bloese, groen kopdoeke. Die bloese se moue het 'n swart kleur in die vorm van 'n strepie sowel as die romp.

Die mans se kleredrag, het jy dit opgemerk? -- Nee, ek het niks opgelet nie.

Solank jy nog by die vergadering was, was daar enige bespreking wat daar plaasgevind het oor enige persone se eiendomme? -- 'n Gesprek wat ek gehoor het net na ek die vroumens gevolg het na buite toe, was dat die eiendom van die raadslede aan die brand gesteek of gebrand moet word.

HOF : Is dit nou 'n onderlinge gesprek op die vloer of het iemand van die platform af dit gesê? -- Met my opstaan vanwaar ek gestaan het na buite toe, het ek daardie gesprek gehoor vanaf die platform. Ek het net nie opgelet wie die spreker was op daardie stadium nie.

MNR. JACOBS : Op Maandag, 3 September, het jy gestap vanaf jou huis toe nog in Gebied 7 om jou kind te gaan haal? -- Dit is korrek van Gebied 7 na Gebied 13 toe, waar ek die kind gaan haal het. Dit was by my suster gewees.

Kon jy jou kind kry? -- Nee, ek kon nie die kind kry nie.

Hoe laat was dit toe? -- In die môre, want ek was reeds gereed om werk toe te gaan. Dit was na 07h00.

Hoe lank na 07h00 ongeveer? -- Gewoonweg verlaat ek my huis 07h15 of 07h20.

Was dit in daardie tyd? -- Ja.

Jy het nou nie jou kind gekry nie en waarheen gaan jy toe? -- Ek is toe na 'n skool toe, bekend as Deep Knowledge in Gebied 14.

In watter voorstad is dit? -- Sebokeng.

Toe jy by die skool kom, wat het jy daar aangetref? -- Met my aankoms by die skool was dit so stil gewees dat daar eintlik nie 'n kind of 'n onderwyser was nie.

Ja en toe? -- Die skool Deep Knowledge is nie ver geleë van die winkels in Gebied 14 nie. Van Deep Knowledge

af, was ek verplig gewees om verby die winkelsentrum van Gebied 14 verby te gaan, deur Zone 13, Zone 11 en 12 om by my woning te kom te Zone 7.

Jy sê jy moes verby die winkelsentrum gaan. Is jy daar verby? -- Ja.

En wat het jy opgemerk? -- Ek het hoë vlamme gesien wat hoog gestaan het, asof die plek aan die brand was.

Watter plek? -- Die winkels.

HOF : Was dit toe die winkels wat brand? -- Ja.

MNR. JACOBS : Het jy nog iets gesien? -- Daarvandaan, toe ek nou verbygaan, het ek groepies mense opgemerk, groot groepies wat in die straat beweeg het.

En wat gedoen het? -- Hulle het in klompies daar geloop heen en weer.

En wat het hulle gedoen? -- Hulle het te voet gestap.

Het hulle enigiets gedoen by die winkelsentrum, anders as om te stap? -- Nie wat ek opgelet het daar nie.

Jy het niks verder gesien nie? Dit is net die klomp mense wat daar was? -- Ja, met my verbygaan daar.

Kan jy vir die Hof 'n aanduiding gee of dit baie mense was en of dit min mense was, hoeveel hulle ongeveer was? -- Ek sal nie 'n aantal kan sê nie. Dit was baie mense gewees.

Jy is op pad na jou huis toe? -- Ja.

Hoe langs het jy gegaan na jou huis toe, van daar van die winkelsentrum af?

HOF : Ons het die roete al gehad. Dit is Zone 13 en dan Zone 11 en dan Zone 12.

MNR. JACOBS : Kan ek dit so stel, het jy padlangs na jou huis geloop? -- Ek het met die strate geloop deur Gebied 13 vanaf 14.

HOF : Die getuie bedui so heen en weer met sy hand. -- Ek het

die strate gevolg. Dit is normale paaie wat mense loop.

MNR. JACOBS : Ons gaan dan aan. Het jy op enigiets verder afgekom? -- Na ek Gebied 13 verby was, net voor ek by die hoofpad, dit is die teerpad, aangesluit het daar, dit is die hoofpad van Vereeniging/Johannesburg, het ek opgemerk dat die polisie besig was om hierdie klompies te slaan dat hulle uitmekaar moet gaan.

Waar was dit gewees? -- Dit was in die opening gewees in die nabyheid van Gebied 13.

Is dit by 'n winkelsentrum, by die huise van enigiemand of wat? -- Die opening is ver van die winkelsentrum van Zone 14.

HOF : Is die opening 'n groot stuk grond? -- Ja, dit is 'n oop stuk grond. Die naaste winkels daar is die van Zone 11. Ek het opgemerk dat in die pad wat gebruik word deur voertuie was daar klippe gewees, heelwat groot klippe, groot, groot klippe.

MNR. JACOBS : Hoe was die klippe in die pad? -- Dit was versprei of in die pad gewees of in die pad gewees, in die ryvlak. Met ander woorde, die gebruik van die pad versper.

HOF : Is dit nou die hoofpad Vereeniging/Johannesburg? -- Ja.

MNR. JACOBS : En soos jy geloop het, soos jy gesê het padlangs in die woongebied self, wat ek nou-nou vir jou gevra het, hoe was die paaie daar gewees? Het jy maklik geloop of nie? -- Die strate in die woonbuurt self was skoon gewees, behalwe die paaie wat gebruik word deur vervoer, byvoorbeeld die teerpad. Vanaf Zone 13 tot tussen Zone 11 en 12, deur na Zone 7 toe, was dit dieselfde gewees met die klippe en blikke of kanne.

Kon karre daar ry, voertuie? -- Nee.

Goed gaan aan. Jy het nou aangegaan na jou huis toe. Wat het gebeur? -- Ek is op pad huis toe, ek loop deur Zone 11

/ ...

om by Zone 7 te kom. Ek het by die winkels verbygeloop in Zone 11, waar ek opgemerk het dat die mense besig was om goedere weg te dra daarso, drank byvoorbeeld van 'n bottelstoor. Terwyl ek nog so daar verbygestap het, nog by die winkels, het ek opgemerk dat daar 'n groot vlam begin het en rook. Dit is by die bottelstoor.

Hoe het die vlam daar gekom? Het jy gesien? -- Ek was ver van die plek af gewees met die verbygaan daar.

HOF : As jy nou praat van mense wat goedere wegdra uit die winkel uit, is dit op die normale wyse nadat 'n mens 'n bietjie drank gekoop het? -- Nee.

Op watter wyse dan? -- Dit is die normale manier nie. Laat ek dit so stel. As 'n mense drank koop by 'n bottelstoor of 'n winkel, normaalweg gebeur dit nie so dat jy so baie mense daar sien dat hulle uitkom, verskillende rigtings vat en dan dra hulle goed nie en dat hulle vinnig loop nie. Selfs die mense wat uit 'n winkel uitkom, al kan dit vol wees van mense wat wil koop in die winkel, maar die mense wat die winkel verlaat is enkel een vir een en as die mense gekoop het, loop hulle normaal weg van daardie plek af.

MNR. JACOBS : Hoe het hierdie mense opgetree wat jy dan daar gesien het? -- Soos ek daar verbygaan het ek opgemerk, dit het vir my voorgekom dat daardie bottelstoor nie oop was nie, maar die mense het van die agterkant af met hierdie goedere uitgekom. Daar was baie mense daar gewees. Dit was duidelik gewees dat die mense sommer net die goed wegdra daar.

Wat het jy toe verder gedoen? -- Ek het so aangestap tot amper by die einde van Zone 11, waar ek by 'n klomp mense uitgekom het in 'n sekere straat.

Wat het die mense gedoen? -- Die mense was vol in die straat gewees, besig om na 'n sekere huis of 'n woning te wys.

Toe ek na hierdie woning gekyk het, het ek gevind dat die huis gebrand is.

HOF : Heeltemal afgebrand of het hy nog gebrand? -- Heeltemal uitgebrand.

MNR. JACOBS : Weet jy wie se huis was dit? -- Ek het gehoor hulle het gesê dit is Caeser se huis.

Wie is Caeser? -- Ek ken hom nie persoonlik nie.

Weet jy wat se amp hy was of wat se werk hy beklee het of werk hy gedoen het? -- Ek het later verneem dat hy een van die raadslede was.

Goed, gaan voort. Jy het nou by daardie huis gekom wat gebrand het? -- Terwyl ek nog daar in daardie omgewing was, het ek mense opgemerk wat in en uitgegaan het by die derde huis vanaf hierdie een wat alreeds uitgebrand was. Ek was toe nuuskierig gewees om soontoe te gaan om te sien wat sien die mense daar. Ek is toe soontoe na daardie huis toe. Ek is ook daar in terwyl die mense daar in en uitbeweeg het. Hierdie wat ek gevolg het na daardie huis toe om die huis, in die agterplaas van die perseel, het ek daar 'n lyk opgemerk. Die lyk het op die mat gelê. Bo-op die lyk was 'n stukkie kartondoos.

Was dit 'n plakkaat gewees? -- Ja.

Op 'n kartondoos? -- Ja, dit was 'n groot stuk. Ek het aanvaar dit is 'n kartondoos, die stuk van 'n kartondoos.

Gaan voort? -- Op die plakkaat was daar geskryf, wat soos volg gelees het "Assassinate the sell-out. Asimali and away with rents."

HOF : Is dit "Away with rents" of "and away with rents?" -- Dit staan geskryf "Away with rents" nie "and away with rents" nie.

MNR. JACOBS: Weet jy wie se lyk dit was? -- Ek het daar gehoor

van die mense wat daar was, dat dit Caeser se lyk was.

Ek wil net twee aspekte met jou opklaar. Het jy daar by die huis wat gebrand was en voor jy na die lyk toe is, enige van die mense herken? — Nee.

En daar by die bottelstoor wat aan die brand gesteek is, het jy enigiemand daar herken? — Nee, ek het niemand herken nie. Die Zone is ver van die Zone waar ek woon, naamlik Zone 7. So, ek is nie daar bekend nie.

Net een ander aspek nog. Die vergadering op 26 Augustus, so lank jy daar was, kan jy sê dit was 'n baie kalm vergadering gewees, dat die mense dood normaal en kalm was of hoe was die atmosfeer in daardie vergadering? — Dit was 'n baie sterk vergadering gewees. Dit het eintlik die mense hulle gevoelens laat demonstreer.

HOF : Was dit 'n stil vergadering of 'n oproerige vergadering of 'n luidrugtige vergadering? — Dit was 'n oproerige vergadering gewees.

GETUIE STAAN AF.

HOF VERDAAG TOT 31 JANUARIE 1986.

## DELMAS TREASON TRIAL 1985-1989

### *PUBLISHER:*

*Publisher:-* **Historical Papers, The University of the Witwatersrand**
*Location:-* **Johannesburg**
**©2009**

### *LEGAL NOTICES:*

**Copyright Notice:** All materials on the Historical Papers website are protected by South African copyright law and may not be reproduced, distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

**Disclaimer and Terms of Use:** Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

People using these records relating to the archives of Historical Papers, The Library, University of the Witwatersrand, Johannesburg, are reminded that such records sometimes contain material which is uncorroborated, inaccurate, distorted or untrue. While these digital records are true facsimiles of paper documents and the information contained herein is obtained from sources believed to be accurate and reliable, Historical Papers, University of the Witwatersrand has not independently verified their content. Consequently, the University is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the website or any related information on third party websites accessible from this website.

### *DOCUMENT DETAILS:*

*Document ID:-* **AK2117-I1-2-12**
*Document Title:-* **Vol 12 p 590-608. Witness: Masenya**